



AANKONDIGINGE

SONDAG 19 DESEMBER 2021

1. 09:00 Oggenddiens en doop by Avalon, Bottelary Pad
Vervoer vertrek 8:50 vanaf kerkgebou
Daar is bankies, maar neem gerus 'n kampstoel saam.
Daar is GEEN diens in De Eike kerkgebou nie.
2. Geen aanddiens
3. Kersdag – 25 Desember 2021
09:00 Oggenddiens
4. Sondag – 26 Desember 2021
09:00 Oggenddiens
5. Bring asb nie-bederfbare kos na die erediens op Kersdag. Mandjies sal beskikbaar wees waarin dit geplaas kan word.
6. Ds Hannes is tans met verlof.
7. Ds Chris is af die naweek. Skakel met ds Johan (083 398 8345) indien jy 'n leraar benodig.
8. Die kerkkantoor is tans gesluit en heropen weer op Maandag 10 Januarie 2022.
9. Dit is nie nodig om te bespreek vir eredienste nie. Monitering sal steeds by die deure gedoen word en alle ander protokolle geld steeds.

Gemeentenuus

1. Marlae Le Grange, dogtertjie van Jacobus en Ilse, word vandag gedoop. Piet en Alae Rootman is die grootouers.
2. Kirsten Small het BDiv graad ontvang.
3. Pierre van der Merwe (Manatoka laan) was in die hospitaal.
4. Manie Engelbrecht (Othello) het ook 'n draai in die hospitaal gemaak.
5. Mirre Grobler (Othello) se dogter, Karien den Jongh se vriend Glen Warden, het in 'n vliegongeluk gesterf.

PREEKSKETS

Erediens Sondag 19 Desember 2021

Prediker: Ds Johan Morkel

Skriflesing: Joh.1:19 - 28

TEMA: ONS LEWENS MOET DIE PAD NA DIE HERE VIR ANDER GELYKMAAK.

Inleiding: Ons almal weet hoe lyk die naamborde wat ons vandag langs ons paaie kry.

Vroeër jare het dit anders gelyk. Ons het dit padpredikante genoem.

1. Die godsdiensteikers het vir Johannes die Doper by die Jordaan gaan vra: Wie is jy?

1.1. Johannes sou kon antwoord dat hy 'n baie belangrike persoon is, mense stroom na hom! Daarmee sou hy te kenne gee dat dit om homself, om sy eie-ek gaan.

2. Ek wil vir jou dieselfde vraag vra: Wie is jy?

2.1. Ons moet dalk vanoggend erken: ons lewens gaan dikwels om onself.

2.2. Selfgerigtheid kan verskillende vorme aanneem: materialisme, wêreldgelykvormigheid, dié dinge waarin al my tyd, energie en aandag gaan.

3. Johannes die Doper se antwoord was egter: "Ek is die een wat in die woestyn roep: maak die pad van die Here reguit! Ek wys heen na die Messias, wie se skoene ek nie werd is om vas te maak nie."

4. Die Woord roep ons op om met ons lewens heen te wys na Christus.

4.1. Kom ons bely aan die eenkant dat ons dikwels die pad na die Here vir ander moeilik maak.

4.2. Kom ons vra aan die anderkant die Here om te gee dat ons lewens almeer na Christus sal heenwys.

4.3. Ook as Bybelstudie-groep of gemeente moet ons heenwysers na Christus wees - omgewings waarin mense nader aan die Here gebring word.

5. Ons as ouers moet vir ons kinders padwysers na die Here wees. Die Doop as sulks is ook 'n teken wat heenwys na Jesus Christus.